

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAK NO: A113/2008

DATUM: 10 OKTOBER 2008

5 In die saak tussen:

IVAN FARO APPELLANT
en

DIE STAAT RESPONDENT

10

UITSpraak

BLOMMAERT, AJ:

Die appellant is op die 31ste Julie 2007 in die Streekhof skuldig
15 bevind op 'n aanklag van moord en gevonnisd tot twaalf jaar direkte
gevangenisstraf.

Appellant appelleer teen die skuldigbevinding sowel as die vonnis.
Geen getuie is gedurende die verhoor gelei nie en appellant
20 het 'n bekentenis afgelê sowel as sekere Artikel 220 erkennings
soos deur sy regsvertegenwoordiger aan die Hof gemaak.

Aangesien hierdie appèl grotendeels handel oor die bekentenisse sowel as die Artikel 22 erkennings haal ek die toepaslike gedeeltes aan. In sy bekentenis sê appellant die volgende;

5 “Ons vriende wat saam met ons gedrink het, het later geloop en sy het volgehou sy wil ook na haar kêrel toe. Ek het saam met haar geloop. Teen die pad het ek haar gesê kom ons gaan huis toe, maar sy het volgehou sy gaan na hom toe.

10 Ons het mekaar rondegeryk daar in die pad, toe haal sy haar mes uit. Ek het haar mes gevat, toe het ek haar begin steek met haar mes. Toe sy gelê het, het ek haar in die boord ingetrek en seks met haar gehad. Toe los ek vir haar daar.

15 Toe gaan ek huis toe.”

Die belangrikste van die Artikel 22 erkennings is dat die appellant se messteek die oorsaak van die dood van die oorledene was. Hy was egter nie bereid om te erken dat hy verantwoordelik was vir al die beserings soos in die nadoodse verslag aangedui nie. Dit is so dat appellant se regsverteenwoordiger in die verhoorhof van meet af selfverdediging gepleit het. Dit is geëkte reg dat ten einde 'n verweer van selfverdediging te fundeer daar 'n dreigende aanval moet wees. Burchell Principles of Criminal Law, 3rd

Edition, verduidelik op bladsy 231 die sogenaamde "Choice of Evils Doctrine" as volg:

"The Choice of Evils Doctrine also gives rise to the requirement that the person who is attacked should retreat, avoid or flee from the attack before resorting to force (especially deadly force) since flight is the lesser evil."

10 Aangaande die "Proportionality" benadering definieer Burchell die moderne benadering van ons howe as volg, op bladsy 241;

"Because of the difficulty of consistent application of the principle of proportionality, modern legal systems do not insist upon strict proportionality between the attack and the defence, believing rather that a proper consideration is whether taking all the factors into account the defender acted reasonably in the manner in which he defended himself or his property. This test allows the Court to assess the defence and the context of factors such as the relative strengths and relationship of the parties, in respect of age, gender, size and strength,

5 nature and persistence of the attack, the
interests threatened and its value, the location of
the incident, the means available to avert the
attack, and the nature and the means used in the
defence, and the extent of the harmful results of
the defence. There is no closed list of factors
that can be considered in determining
proportionality issue.”

Sien ook Coetzee v Fourie 2004 JDR bladsy 0225 SCA.

10

Uit bogenoemde aanhaling uit applikant se bekentenis is dit nie
eers duidelik of daar inderdaad 'n aanval was nie. As ons aanvaar
dat daar wel 'n aanval was is dit verder duidelik dat die oomblik
wat appellant die oorledene van haar mes ontnem het enige
15 gedreigende gevaar wat daar moontlik kon wees weggeval het.
Na my mening kan 'n verweer van selfverdediging geensins hier
ter sprake wees nie.

Verder word dit deur die appellant betoog dat die Staat in die
20 geval nie die nodige *mens rae* bewys het nie. Wat wel duidelik is,
is dat appellant erken dat hy die messteek wat volgens die
nadoodse verslag tot dwarsdeur die oorledene se hart gegaan het
veroorzaak het. Verder is dit so dat hy erken dat hy begin steek
met haar mens. Hieruit, na my mening, kan 'n mens moontlik aflei

/ds

dat daar meer as een messteek was. Dit is inderdaad so dat beskuldigde nie gedwing kan word om te getuig nie. Wat egter duidelik is, is dat indien 'n *prima facie* saak deur die Staat bewys is dat afleidings gemaak kan word van die beskuldigde se stilsweye.

In S v Boesak 2001(1) SACR 16C op bladsy 24 word die posisie as volg uiteengesit;

10 "The right to remain silent has application at
different stages of criminal prosecution, and
means a person is entitled to remain silent and
may not be compelled to make any confession or
admission that could be used against that person.
15 It arises again at the trial stage when the
accused has a right to be presumed innocent, to
remain silent and not to testify during the
proceedings. The fact that an accused person is
under no obligation to testify does not mean that
20 there are no consequences attaching to a
decision to remain silent during the trial. If there
is evidence calling for an answer and an accused
person chooses to remain silent in the face of
such evidence a Court may well be entitled to

conclude that the evidence is sufficient in the absence of an explanation to prove the guilt of the accused. Whether such a conclusion is justified will depend on the weight of the evidence."

5

Dit dien opgelet te word dat in hierdie geval het appellant aansoek gedoen vir ontslag en die geleerde verhoorlanddros het teen appellant bevind, en ontslag geweier. Dit is dus vir die appellant op daardie stadium reeds duidelik dat daar 'n *prima facie* saak teen hom was. Hy moes dus deeglik beseft het wat die gevolge van sy gebrek om te getuig tot gevolg sou hê.

10

Kan daar in die onderhawige geval gesê word dat die Staat nie genoegsaam die nodige *mens rae* bewys het nie, na my mening is die feit dat appellant die oordelede met die mes gesteek het en soos blyk uit die nadoods verslag seersekerlik nie net skrams nie, gepaardgaande met die feit dat die appellant nie die Hof in sy vertroue geneem het om sy weergawe van presies wat gebeur het te vertel nie, duidelike bewys van die nodige *mens rae*. Dit dien verder daarop gelet te word dat appellant se gedrag na die voorval deur eenvoudig die oordelede in die boord in te sleep en met haar seksuele omgang te hê en haar net daar te los, nie

20

getuig van iemand wat of in selfverdediging, of sonder die nodige *mens rae* opgetree het nie.

Die SKULDIGBEVINDING AAN MOORD WORD DUS BEKRAGTIG.


5 Wat vonnis betref is dit geYTE reg dat die Hof van Appèl slegs sal
inmeng met die vonnis diskresie van die verhoorhof indien daar in
wese 'n mistasting begaan is, en as die vonnis as ongepas beskryf
kan word. Sien S v Pillay 1977(4) SA 531A; S v Whitehead
1971(4) SA 613 Appèlhof; S v Kabido 1998(2) SACR 312A bladsy
10 216 g-h.

In die onderhawe geval skryf Wet 105 van 1997 'n verpligte
minimum vonnis van vyftien jaar gevangenis voor, ten sy daar
weselike en dringende omstandighede bestaan wat 'n afwyking
15 van die voorgeskrewe vonnis regverdig. Die landdros het tydens
vonnisoplegging bevind dat daar wel omstandighede bestaan wat
'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig. Die
verhoorlanddros het al die faktore wat hom in staat gestel het om
van die voorgeskrewe vonnis af te wyk versigtig oorweeg. Hy het
20 in aanmerking geneem dat daar drank gebruik was deur die
appellant in die aanloop tot die misdaad, en hy het verder al die
persoonlike omstandighede van die appellant versigtig oorweeg,
sowel as die feit dat die appellant geen vorige veroordelings het
nie.

Daar is geen faktor wat hy buite rekening gelaat het nie. Hy het
geensins die erns van die misdaad oorbeklemtoon nie, en in die
lig hiervan kan nie gesê word dat die verhoorlanddros sy
5 diskresie nie na behore uitgeoefen het nie. Daar kan in die lig
van die bepalings van Artikel 105 van 1997 nie gesê kan word dat
die vonnis buitensporig swaar is nie spreek vanseif.

In die omstandighede is hierdie Hof nie bemagtig om hom in te
10 meng met die vonnis deur die verhoorhof opgelê nie. Die APPÊL
WORD DERHALWE VAN DIE HAND GEWYS EN DIE VONNIS
BEKRAGTIG.

15



BLOMMAERT, AJ

Ek stem saam,

20

THRING, J